



# Maniere



## Die basiese goeie maniere:

- Behandel mense soos hulle graag behandel wil word.
- Betoon respek.
- Help mense, veral swakker en jonger persone.
- Toon dankbaarheid.
- Hou beloftes.

Leer veral seuns om beskermend op te tree en op te staan, hulle sitplek aan te bied vir ouer persone en swanger vroue. Deur oopmaak en terugstaan of eerste loop, maar nie sonder om te sê nie: "Verskoning, ek stap voor". Doen dit vir maats, mans en vroue.

- Sê **DANKIE** en **ASSEBLIEF** – liefier te veel as te min.
- As jy 'n fout gemaak, aan iemand gestamp, iemand in die rede geval of enigiemand se gevoelens seergemaak het sê: "Ek is jammer of Ekskuus of Dis my fout."

## Respek vir ander, hulle besittings, voorkoms:

- Loop weg van 'n geskinder, moenie stories aandra, kwaadpraat nie.
- Spreek mense met respek aan.
- Mens lees nie ander se briewe nie en luister nie hulle gesprekke af nie.
- In ander mense se goed word nie gekrap nie – al is dit jou broers, susters of ouers se goed.
- Moet nooit met 'n vinger na enigiemand wys of beduie, ook nie jou vergaap aan 'n kreupel, vet of enigsins eienaardige persoon nie.
- Moet nooit persoonlike aanmerkings maak nie – soos Jy is darem maer of Jou tande is skeef.
- Mens vra nie hoeveel ander mense se goed kos nie – of dit nou 'n huis, motor, kleres of hoeveel hul salaris is nie.

### Die waarheid, wees diplomaties:

- Praat die waarheid, moenie stories aandik nie behalwe as dit om die humor van 'n storie gaan.
- Bly stil, moenie iets oorvertel wat kwade gevoelens sal veroorsaak nie.

### Deure – klop, maak saggies toe:

- Klop altyd eers aan 'n deur voor jy oopmaak en instap. Al is die deur oop en daar sit mense in 'n slaapkamer, in 'n kantoor, klop eers, vra Kan ek inkom?
- Maak deure saggies oop en toe, draai die knop!
- Maak deure agter jou toe, moenie ooplaat nie.
- Moenie 'n deur laat klap nie.
- Staan terug by 'n deur as iemand anders wil deurkom, laat hom/haar eerste loop.
- Moenie 'n deur toeklap om te wys jy is kwaad nie – die mure kraak. Dis kinderagtig!

### Etes:

- As jy laat is vir ete, sê: Jammer ek is laat.
- As jy opstaan van die tafel terwyl ander nog eet, sê: Verskoon my.
- Laat weet as jy nie vir ete tuis sal wees nie.

### Gewoontes:

Leer goeie gewoontes aan. Dan doen jy outomaties die regte ding! Eet altyd mooi, wees elke dag vriendelik, moenie senuweeagtige, hinderlike gebare maak nie. Vra vir 'n goeie vriend: Wat doen ek wat mense kan irriteer, kan kwaad maak?

### Kinders:

Om 'n kind op te voed, beteken jare lank (maar veral die eerste sewe) sê presies hoe hulle moet maak. Herhaal en herinner, wys hoe, stel die voorbeeld, dring daarop aan.

### Telefoon:

- Antwoord beleef en vriendelik
- Gesels so kort moontlik – dis goedkoper, ander mense kry ook geleentheid om 'n oproep te maak.

### Vriendelikheid:

- Groet vriendelik, veral soggens en bly glimlag en kop knik oral waar jy mense teëkom.
- Groet ou vriende, familie, enigiemand aan wie jy voorgestel word, met 'n aangename handdruk, kyk in die persoon se oë.

### Moenie:

- Oopmond gaap nie – sit jou hand voor jou mond, ook as jy hoes.
- Jou uitrek voor ander mense nie.
- Mors nie, nêrens nie, nooit nie. Tel ander se gemors op.
- Laat kom nie. Dit maak 'n swak indruk
- Beloftes breek nie, wees betroubaar.
- Die natuur se rustigheid versteur met radio's en ander geraas nie.
- In die openbaar hard praat, raserig of baldadig optree nie.
- Met lekkergoedpapiere of programme raas of gesles terwyl enige vertoning aan die gang is nie.
- Na 'n horlosie kyk as iemand met jou praat of terwyl jy na 'n les, toespraak of preek luister nie. Doen dit as niemand kan sien nie.
- 'n vreemdeling se koerant, boek of tydskrif saam met hom/haar probeer lees nie, ook nie oor sy skouer nie.

### GEKKE EN DWASE SKRYF HULLE NAME OP DEURE EN GLASE

Keer as jy sien iemand bekrap ons bome, rotse en ander mooi goed.